... Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: RAPPORT
Date: 03-Apr-2005
Topic: 25
Ref No: 1825
1
ID: 03199184-01
Source Page: 1

# Pretoria wys ons almal hoe

JONATHAN JANSEN

Die eerste keer dat ek in Pretoria gekom het, was in 1991, op 'n internasionale konsultasiebesoek van my destydse studentebasis in Kalifornië af.

Ek het in die Karos Mahattan in Sunnyside gebly en op 'n dag besluit om my roetine van aandete in dié hotel te verbreek en die hart van die stad aan te durf.

Om 'n lang storie kort te maak: voordat die aand ver gevorder het, kry ek myself dat ek Pretoriusstraat afnael met tien jong Afrikaner-mans op my hakke – duidelik ontsteld omdat ek ingedwaal het in wat hulle beweer het 'n "net vir blankes"-restaurant was.

Op een of ander manier het ek die vrylating van Nelson Mandela en al die gepraat oor toenadering verkeerd vertolk.

Daardie voorval, tesame met die destydse alomteenwoordigheid van militêre mans, het 'n ruk lank my beeld van Pretoria gevorm: konserwatief, aggressief, rassisties en wit.

Toe trek ek in 2000 na die Jakarandastad – en ja, ek is dol verlief op die plek, die snelgroeiendste kosmopolitiese ruimte in post-apartheid-Suid-Afrika.

Wat het ek in die vyf jaar sedertdien geleer? Wat is die oomblikke wat ek sal onthou? En wat sê hierdie stad vir ons oor ons toekoms?

Ja, vir seker, ek was vasgevang in die vloeibaarheid van die oorgang. Daar was die openlik vyandige sekretaresse toe ek probeer het om my dogter by 'n laer skool in te skryf. Daar was die verkoopsklerk wat wou weet of ek die rekenaar waarna ek gekyk het, kan bekostig. Daar was die administrateur by die universiteit wat toe ek my vir my nuwe werk probeer aanmeld het, my meegedeel het hulle bied nie geletterdheidskursusse aan volwassenes nie, ek moet liewer Unisa probeer. En dan was daar natuurlik die tallose kere dat ek probeer het om my hare te laat sny. (Ek was verbaas toe ek onlangs oor een van dié voorvalle geskryf en die meeste lesers dit vertolk het as 'n storie oor hare, terwyl dit in werklikheid 'n storie oor die struktuur van vooroordeel was.)

Die munt van vooroordeel het ook 'n keersy gehad. Ek onthou radio-inbelprogramme waaraan ek deelgeneem het, met swart luisteraars wat my uittrap as "daardie Boer van Pretoria" – want waar het jy nou al van 'n swart man met die van Jansen gehoor? Ek onthou ook die student van Eersterust wat gedruip en my gevra het om hom 'n slaagpunt te gee, "want ons Kleurlinge word mos altyd gе*marginalize*". Wel, hy het nie net uitgevind ek verafsku sulke etikette nie, maar hy het ook uitgevind hoe om permanent van verdere studie uitgesluit te word.

En tog kan ek aan geen ander land en geen ander stad dink waar ek liewer my oë in die oggend sal oopmaak nie. Want te midde van al hierdie oorgangspyne het die stad 'n pragtige kant.

Ek is 'n getuie van hoe jong mense al hoe gewilliger word om oor historiese verdelingslyne te tree wanneer hulle bewus raak van die fiksie van ras en die misbruik van kultuur. Ek het gesien hoe allerhande soorte brûe gebou kan word deur eenvoudig Afrikaans of Sepedi vlotter te leer praat. Ek het die pragmatisme gesien van diegene wat hulself nog Afrikaners noem namate hulle die leuens van die verlede en die beloftes van die toekoms al hoe beter leer verstaan. Ek het gesien hoe my kollegas nuwe vriendskappe begin smee op grond van gemeenskaplike idees en waardes, eerder as op grond van die toeval van velkleur. En ek het gesien hoe winkelassistente begin om koopkrag in verband te bring met okkupasie eerder as pigmentasie.

Hierdie kosmopolitiese stad is 'n uitstekende voorbeeld van wat ons toekoms inhou. Wie sou kon dink die Universiteit van Pretoria sou eendag sy nuwe regsbiblioteek na die struggle-held en oudpresident van die ANC, Oliver Tambo, noem? Wie sou gedink het Pretoria High School for Girls sou vanjaar vir die eerste keer in sy honderdjarige bestaan 'n swart hoofmeisie inhuldig, die briljante duxleerling Atli Phatudi? En wie het ooit kon droom 'n sterk swart studentedrukgroep sou daarop aandring dat die Universiteit van Pretoria genoem word na Beyers Naudé?

'n Paar weke gelede bars 'n student by my kantoor in, uitasem, en vra my om saam met hom te gaan om 'n probleem met een van my dosente op te los. Hy neem my na 'n oop terrein aan die einde van die Opvoedkunde-kampus. Ek sal nooit vergeet wat ek daar gesien het nie.

Die vierdejaarstudente in chemie-opvoedkunde het besluit om 'n "braai te gooi".

Sowat vyftien studente het hulle op die grasperk tuisgemaak. Party was wit, ander swart; party was Suid-Afrikaans, ander van oorsee, insluitend 'n Japanse student. Party het Afrikaans gepraat, ander Engels en Zoeloe. Party was Christene, ander Moslems. Vir die eerste keer kon ek niks aflei uit die groepies wat saamgekuier het nie: die hele groep was waarlik geïntegreer, ongeag taal, ras, geslag en godsdiens.

Op 'n dekstoel, getrakteer deur die studente, was die bekende gesig van die wêreldbekende professor in chemie-opvoedkunde, 'n Nigeriese geleerde wat Suid-Afrika sy tuiste gemaak het. By die vuur was 'n wit en 'n swart student, elkeen met 'n braaivurk in die hand, spelerig aan die stry oor wie se "kultuur" die mees outentieke handboek gehad het vir die braai

van vleis.

Soos ek daar gesit het, getrakteer en bederf deur my studente, het ek warmte en verwondering gevoel oor wat ons as Suid-Afrikaners bereik het; oor die ordentlikheid wat in elkeen van ons as burgers lê; oor die gewilligheid om te verander.

Onlangs het 'n Afrikaner-vriend van my 'n kosbare opmerking gemaak: hy het gesê hy het 'n Afrikaanse woord ontdek vir die veelgeprese *ubuntu* in Zoeloe: Boereordentlikheid.

Ek stem saam.

**Soos ek daar gesit het, getrakteer en bederf deur my studente, het ek warmte en verwondering gevoel oor wat ons as Suid-Afrikaners bereik het; oor die ordentlikheid wat in elkeen van ons as burgers lê; oor die gewilligheid om te verander.**

JONATHAN JANSEN